

Maandag 5 Augustus

Skrifgedeelte: Genesis 12:1-9	Fokusgedeelte: Genesis 12:1, 2
--------------------------------------	---------------------------------------

God se roeping van Abram word in die belofte van seën vasgelê

Ons roeping en verkiesing omvat, bepaal en rig ons hele lewe op God.

God roep Abram om uit sy gemaksone (sy land, sy mense en familie) na 'n vreemde land te trek. Hy antwoord op sy roeping deur aan God se Woord (belofte van seën en vloek) vas te hou. Ten spyte van die ontwrigting, probleme, gevare en onsekerheid wat op hom gewag het, is hy gehoorsaam.

Deur sy roeping is Abram deur geloof aan God verbind (Heb. 11:8-10; Rom. 8:28-30). Hy het homself onvoorwaardelik aan die beskikking en leiding aan die verborge raad en voorsienigheid van God oorgegee. Bo sy eie belange en gerief het hy homself prysgegee. As vreemdeling op aarde het hy na 'n beter, hemelse vaderland (Heb. 11:13-16) uitgesien.

In sy roeping was hy aanvanklik nie eiewys nie. Al was Sarai onvrugbaar en hy al 75 jaar oud, het hy "God wat dit belooft het, getrou geag" (Heb. 11:11) om aan hom en sy nageslag 'n besitting te gee. Hy is nie deur vrees en angs teruggehou nie. Gelei en toegerus deur die Heilige Gees, het hy sy eie gevoelens en vrese vir die onbekende onderdruk.

Ná die sondvloed en die toringbou van Babel het God in sy almag en genade 'n nuwe begin gemaak. In Abram het Hy vir Hom 'n volk in die lewe geroep. Alle nasies sal geseën wees wanneer Hy Homself in Abram se nageslag in Jesus Christus bekendmaak.

Uit diep wortels van eerbied vir God is ons vrugbaar in sy koninkryk. Solank ons aan Hom en sy beloftes vashou, sal ons geloof standhou – leef ons in afwagting op sy onuitspreeklike heerlijkheid. Van sy kant af sal Hy nie misluk nie. Hy tel ons op wanneer ons deur omstandighede, twyfel, vrees en kleingeloof bedreig word.

Sing: Psalm 86-1: 1, 5, 6

Ds. WP van der Merwe (Willem) (Emeritus)